

# Haal Augustinus se Verbondsbril af

# Om die Laatreën Te Ontvang

Adrian Ebens

Danutasn Brown

# Haal Augustinus se Verbondsbril af

# om die Laatreën te Ontvang.

*Die Verbonde en die Wet in Galasiërs 3*

Adrian Ebens
Danutasn Brown

Gedruk deur

MARANATHA MEDIA

maranathamedia.co.za/af

Maart 2016
Opgedateer Augustus 2018

Vertaal na Afrikaans in 2022

Daar is baie idees rondom die redes vir die stryd oor die uiters kosbare boodskap van die 1888-konferensie. Die skerpste punt van die konflik kan in hierdie woorde van E.J Waggoner, vroeër daardie jaar, uitgedruk word.

> 5. Maar **u sê dat die apostel praat van bedelings, en nie van individuele ervarings nie**, en om dit na Christus te bring beteken om hulle na Sy eerste koms te bring, en "tot die stelsel van geloof wat daar ingewy is." **Maar dit is die swakste posisie wat u kan inneem**, want indien dit die betekenis was, dan sou dit volg dat die wet sy doel slegs bereik het vir die generasie wat tydens Christus se eerste koms geleef het. Geen [33] ander mense het ooit na Christus toe gekom in dieselfde sin waarin u die term gebruik nie. Vir die wet om mense na Christus te bring, in die sin waarin u dit toepas, dit wil sê tot Sy eerste koms, sou dit hulle lewens moes verleng. Adam sou vir ten minste 4 000 jaar moes leef. Want, **laat ek weer herhaal: Die teks sê nie dat die wet 'n tugmeester was om mense na Christus te wys nie, maar om hulle na Hom te bring**.
>
> 6. Weereens; die teks sê dit bring mense na Christus toe, sodat hulle deur die geloof geregverdig kan word. Word mense geregverdig deur geloof in 'n nasionale hoedanigheid? Ek het pas gewys dat, volgens die teorie dat die apostel oor bedelings redeneer, slegs een generasie na Christus gebring is, naamlik die generasie wat die voorreg gehad het om tydens Sy eerste koms te lewe; maar selfs daardie generasie is nie uit die geloof geregverdig nie. Baie min van hulle het enige geloof gehad. Van die eerste tot die laaste ene het geeneen enige geloof gehad nie. Dan moes hulle onder die tugmeester gebly het, – die wet, – en hulle het sowaar. **Regverdiging deur geloof is 'n individuele, en nie 'n nasionale saak nie. Sewendedag Adventiste praat dikwels van die groot lig wat "ons as 'n volk" besit. Maar "ons as 'n volk" sal geen voordeel trek uit daardie lig tensy ons as individue dit in ons eie harte besit nie. Ek herhaal, regverdigmaking deur geloof is iets wat elke individu self moet ervaar. Duisende wat by Christus se eerste koms geleef het, het niks van hierdie ervaring**

> **geweet nie, terwyl duisende wat geleef het lank voor Hy gekom het, eintlik na Christus gebring is vir vergifnis, en hulle het dit ontvang. Abel is deur die geloof regverdig gereken; Noag was erfgenaam van die geregtigheid wat uit die geloof is;** en Abraham het in werklikheid Christus se dag gesien, en hom daarin verheug, **alhoewel hy 2 000 jaar voor die eerste koms gesterf het. <u>En dit bewys ten sterkste dat die apostel, in die derde hoofstuk van Galasiërs, van 'n individuele ervaring praat, en nie van 'verandering van bedelings nie</u>. Daar kan geen Christelike ervaring, geen geloof, geen regverdiging, geen geregtigheid wees indien dit nie 'n individuele saak is nie. Mense word as individue, en nie as nasies nie, gered.** E.J Waggoner, *The Gospel in Galasians*, (1888) Bl. 32,33. (Vry vertaal)

Hierdie punt is die kern van die 1888 grondslag, wat die wet in groter mate sou toelaat om bygevoeg te word, sodat die sonde-oortuiging meer sou word, en die genade nog meer oorvloedig sou word. (Rom 5:20). Ons herhaal die sentrale grondslag van Waggoner se argument:

> En dit bewys ten sterkste dat die apostel, in die derde hoofstuk van Galasiërs, van 'n individuele ervaring praat, en nie van 'n verandering van bedelings nie. E.J Waggoner, *The Gospel in Galasians*, Bl. 33. (Vry vertaal)

Ons kan E.J. Waggoner se standpunt omtrent die verbonde opsom deur te verklaar dat die Ou Verbond (die ou bedeling) die beloftes van die mens aan God was, wat deur die Israeliete uitgedruk is met die woorde:

> Exodus 19:8 Toe antwoord die hele volk eenparig en sê: Alles wat die HERE gespreek het, sal ons doen. En Moses het die woorde van die volk aan die HERE oorgebring.

Die foutiewe beloftes van die mens is tot mislukking gedoem. Die erkenning dat dit so is – dat ons pogings om die vereistes van die wet deur ons eie pogings uit te voer, waardeloos is – bring diegene wat bereid is om oor te gee, na Christus, en bring 'n einde aan ons strewe om God in die vlees te behaag. Dit is die doel van die Ou Verbond – om ons ons uitermatige sondigheid en ons

desperate behoefte aan 'n verlosser te laat besef. Die Nuwe Verbond is die beloftes van God aan die mens om Hom deur die geregtigheid van Christus te red. Soos Abraham glo ons eenvoudig Sy Woord en dit word vir ons tot geregtigheid gereken. Hierdie proses van regverdigmaking en heiligmaking was vanaf die sondeval tot nou toe dieselfde. Die Eerste Engel se boodskap verkondig die ewige evangelie gebaseer op die ewige verbond.

Die werk van die wet in die Ou Verbond is om ons na Christus te bring, sodat ons deur geloof geregverdig kan word. Maar indien die Ou en Nuwe Verbond in tydsbedelings verdeel word, dan bestaan die Ou Verbond nie meer na die kruis van Christus nie. Die wet speel nie meer die kritieke rol van die tugmeester om ons na Christus te bring nie. Deur die verdeling van die verbonde in afsonderlike historiese tydperke, word die evangelie verdeel; wat die vleeslike mens laat dink dat hy geestelik is, terwyl hy in werklikheid nie met Christus gekruisig is deur die bediening van die dood in die Ou Verbond nie. Deur die stelsel van bedelings blyk dit dat die vleeslike mens oor die muur tuimel op die weg na die lewe, sonder om deur die nou poort van ware inkering en bekering te gaan. Toe A.T. Jones die verbondsvraag aangespreek het, soos E.J. Waggoner dit uitgelê het, het hy in 1893 met die krag van die Gees vorentoe getree om die ewige evangelie te verkondig. Veral in Preke 14-20 is hierdie boodskap met krag en duidelikheid verkondig.

Uriah Smith, G.I. Butler, Dan Jones en baie ander leiers het hierdie waarheid, aangaande die wet en die verbonde in Galasiërs, desperaat beveg. Willie White het aan sy vrou geskryf omtrent een van die vergaderings tydens die 1888-konferensie:

> Daar is amper 'n manie oor regsinnigheid. 'n Resolusie is in die kollege-vergadering ingebring dat geen nuwe leerstelling daar geleer word voordat dit nie deur die Algemene Konferensie aanvaar is nie. Ek en Moeder het dit totaal vernietig, na ‘n harde stryd. W.C. White, *Brief aan Mary White, 3 Nov 1888*. (Vry vertaal)

Hierdie stryd omtrent die verbonde wat in tydsbedelings verdeel is – voor die kruis 'n bedeling van wet, na die kruis 'n bedeling van genade, teenoor die verbonde wat individuele ervarings is, wat beide voor en na die kruis gebeur

het – het vir 18 maande gelê en prut en opvlam. Ellen White het toe 'n visioen uit die hemel ontvang. Sy het die volgende waarskuwing aan Uriah Smith geskryf:

> **Voorverlede nag is aan my gewys** [deur die Here] dat bewyse met betrekking tot die verbonde duidelik en oortuigend was. Uself [Uriah Smith], Broer B, Broer C, en ander **spandeer jul ondersoekende magte verniet om 'n standpunt omtrent die verbonde te produseer wat verskil van die posisie wat Broer [E. J.] Waggoner aangebied het**. Indien u die ware lig wat skyn ontvang het, sou u nie dieselfde wyse van mis-interpretasie van die Skrifte nagevolg het as wat die Jode gedoen het nie. Wat het hulle so ywerig gemaak? Waarom het hulle soveel aandag gegee aan die woorde van Christus? **Waarom het spioene Hom gevolg om Sy woorde waar te neem wat hulle kon herhaal en verkeerd interpreteer en verdraai op 'n manier om iets te beteken wat hulle eie onheiligde denke hulle sou wysmaak**? Op hierdie manier het hulle die mense mislei. Hulle het valse kwessies opgemaak. Hulle het daardie dinge so hanteer dat hulle ‘n geleentheid geskep het om ander se gedagtes te vertroebel en mislei.
>
> **Die verbondsvraag is 'n duidelike vraag en sal deur elke openhartige, onbevooroordeelde gemoed ontvang word**, maar ek is gebring op ‘n plek waar die Here my insig in hierdie saak gegee het. **Julle het weggedraai van doodgewone lig omdat julle bang was dat die vraag oor die wet in Galasiërs aanvaar moes word**. Wat die wet in Galasiërs betref, ek het nie ‘n probleem daarmee nie en het nog nooit gehad nie. *Brief 59,* 1890, Bl. 6. (Aan Uriah Smith, 8 Maart 1890.) {9MR 329.1}

Wat het Uriah Smith, G.I. Butler en ander omtrent hierdie vraag verkondig?

> Die Heiligdom van die ou verbond moet dieselfde verhouding met die heiligdom van die nuwe verbond dra, wat die ou verbond self met die nuwe dra... Almal stem saam dat hulle as tipe en antitipe staan. Die eerste was die tipe en skaduwee; die laaste is die antitipe en werklikheid. Die heiligdom van daardie bedeling was die tipe; die

heiligdom hiervan is die antitipe. Uriah Smith, *The Sanctuary and the 2300 days of Daniel VIII*, 14 (1877), Bl. 181 (Vry vertaal)

Die nuwe verbond het die oue vervang toe Christus dit met sy eie bloed aan die kruis bekragtig het. Uriah Smith, *The Sanctuary, Gospel Sickle* 1, 8 (15 Mei 1886), bl. 58. (Vry vertaal)

Daar was dus geen rede om steeds die skeidingsmuur tussen hulle en ander te handhaaf nie. **Hulle het *nou* almal op dieselfde vlak gestaan in die oë van God. Almal moet hom nader deur die Messias wat na die wêreld gekom het**; deur hom alleen kon die mens gered word. G.I. Butler, *The Law in Galasians*, (1886) bl. 10. (Vry vertaal)

"Maar voordat die geloof gekom het, is ons onder die wet in bewaring gehou, ingesluit met die oog op die geloof wat geopenbaar sou word." **Praat hierdie teks van individue voor bekering, onder die veroordeling van die morele wet totdat geloof in Christus in hulle harte deurbreek? of praat dit van Paulus se nasie, die Jode, onder voogdyskap en toesig, onder 'n voorlopige tydelike stelsel totdat Christus sou kom? Baie word bepaal deur watter van hierdie posisies die ware een is**. **Ons neem die laasgenoemde siening sonder huiwering aan**. Die hersiene weergawe (Revised King James Version – vertaal na Afrikaans) lui: "Maar voordat die geloof gekom het [die geloof, kantlyn], is ons onder die wet in bewaring gehou, ingesluit met die oog op die geloof wat daarna geopenbaar sou word." Om "in bewaring" (ïn ward") te wees, definieer Webster as "die toestand van onder bewaking wees, onder voogdyskap", "die toestand van 'n kind onder toesig." Die Diaglott gee dit weer, "En voor die koms van daardie geloof, is ons onder die wet bewaak en saam ingesluit vir die geloof wat op die punt staan om geopenbaar te word."

Daar kan geen twyfel wees nie, dis duidelik dat die teks 'n eienaardige voorlopige reëling aan die lig bring, 'n "bewaking" van 'n groep mense**, wat "saam ingesluit" is, "hulle omraming," soos die oorspronklike Griekse woord aandui, totdat op 'n sekere tyd**

> **wanneer "daardie geloof" geopenbaar sal word**. **Ons beweer met vertroue dat die woord "geloof" hier nie gebruik word in die sin van 'n persoon se individuele geloof in Christus as 'n manier tot persoonlike vergifnis vir sy sondes nie, maar gebruik word in die sin van daardie groot stelsel van waarheid wat deur God bedink is vir die redding van die mens** – die geloof in 'n gekruisigde Verlosser en verwante waarhede wat uit hierdie sentrale feit voortspruit. Judas skryf van die "gemeenskaplike saligheid" en om "kragtig te stry vir die geloof wat eenmaal aan die heiliges oorgelewer is." Vers 3. Ons praat daarvan om "die geloof van Jesus" te behou. Paulus het in sy slotwoorde gesê hy het "die geloof behou." En in hierdie selfde brief aan die Galasiërs praat hy van die geloof wat hy verkondig het (hfst. 1:23), en van die "huisgenote van die geloof". Hfst. 6:10. Inderdaad, in baie gevalle waar die woord "geloof" in die Nuwe Testament gebruik word, het dit hierdie betekenis, soos enigiemand kan sien deur sy Konkordansie te gebruik.
>
> Die Joodse volk en alle bekeerlinge wat enige agting vir die God van die Hebreërs gehad het, is dus onder hierdie voorlopige stelsel van die "bygevoegde" wet gehou, "ingesluit", omring deur nasionale grense, om onderskeiding te gee van die res van die wêreld. Hulle kon nie saam met hulle eet of samesyn met hulle geniet nie. 'n "Middelmuur van skeiding" (Ef. 2:14) het hulle van ander geskei. Hulle was "ingeslote", bewaak aan die regterkant en aan die linkerkant, totdat die groot stelsel van geloof in 'n gekruisigde Verlosser "daarna geopenbaar" is deur die koms van die beloofde "saad". G.I. Butler, *The Law in Galasians*, (1886) Bl. 50,51 (Vry vertaal)

Kan jy die implikasies sien van wat Butler sê? Daar is geen "ware" geloof in die Ou Testamentiese era nie, want Jesus was nog nie gebore nie. Die middel tot vergifnis was deur die seremoniële wet, wat nie werklike vergifnis was nie, maar "figuurlike" vergifnis. Hoe was Abraham dan "geregverdig deur die geloof?" Maar Waggoner verduidelik geloof op 'n ander manier:

> Weereens, op bladsy 44 lees ek [Waggoner] [uit Butler se boek]:—

“Daar word na die morele wet verwys as die een wat oortree word. Maar die ‘bygevoegde’ wet, waarvan Paulus praat, het voorsiening gemaak vir die vergifnis van hierdie oortredings, met ‘n figuurlike betekenis, totdat die werklike Offer gebring sou word.”

U verkeerde toepassing van die woord “bygevoeg” het ek reeds genoegsaam opgemerk, maar **daar is 'n idee uitgedruk in die aanhaling wat hierbo gemaak is, en ek is jammer om te sien dat dit die afgelope tyd tot 'n mate verkondig is. En dit is dat in die sogenaamde Joodse bedeling sondevergifnis slegs figuurlik was. Jou woorde dui duidelik aan dat daar geen werklike vergifnis van sondes was totdat Christus, die werklike Offer, geoffer is nie. Indien dit so was, wil ek graag navraag doen hoe Henog en Elia in die Hemel gekom het. Is hulle daarheen geneem met hul sondes onvergewe? Was hulle vir twee of drieduisend jaar in die Hemel voordat hulle sondes vergewe is? Die feit dat hulle na die Hemel geneem is, is voldoende bewys dat hulle sondes werklik vergewe is.**

Wanneer Dawid sê: “Welgeluksalig is hy wie se oortreding vergewe, wie se sonde bedek is,” bedoel hy presies wat Paulus gedoen het toe hy dieselfde woorde gebruik het. Dawid het vir die Here gesê: “U het die ongeregtigheid van my sonde vergewe.” Daar was geen skynvergifnis nie. En daar word uitdruklik verklaar dat as iemand teen enige van die gebooie van die Here sondig, hy sy offer moet bring en sy sondes hom vergewe moet word. Levitikus 4:2, 3, 20, 26, 31. <u>Daar was geen deug in die offer, wat tipies was nie, tog was die vergifnis so werklik soos enige vergifnis wat gegee is sedert die kruisiging. Hoe kan dit wees? Bloot omdat Christus die Lam is wat geslag is vanaf die grondlegging van die wêreld. Dat Hy Homself as 'n offer sou bring, is aan ons eerste ouers in Eden belowe en aan Abraham bevestig deur 'n eed van God, en daarom kon Abraham, Isak, Jakob en almal wat wou, kragtens daardie belofte soveel deug uit die bloed van Christus ontvang as wat ons kan</u>. Dat vergifnis werklik was, word getoon deur die feit dat Abel, deur sy offer, getuienis ontvang het dat hy regverdig was. Maar daar kan geen geregtigheid wees wat nie deur vergifnis

> voorafgegaan is nie. Indien die vergifnis figuurlik was, dan moes die geregtigheid ook figuurlik gewees het. Maar Abel en Noag en Abraham, en ander, was werklik regverdig; hulle het die volmaakte geregtigheid van geloof gehad; daarom moes hulle daadwerklike vergifnis gehad het. Dit blyk verder uit die feit dat vergifnis van sondes alle geregtigheid moet voorafgaan. Want daar kan geen geregtigheid sonder geloof wees nie (Romeine 6:23), en geloof bring altyd vergifnis. Romeine 3:24, 25; 5:1. E.J Waggoner, *The Gospel in Galatians* bl. 29,30. (Vry vertaal)

In Waggoner se verduideliking *manifesteer* Jesus se menswording meer van die werklikheid van die vergifnis en genade wat sedert Adam se sondeval aangebied is. Die vergifnis was altyd daar – God verander nie – dit is eerder mense wat, deur die offer van Christus, meer in staat is om te glo dat hulle vergewe is. In Butler se stelsel is diegene vir wie die noodlot sleg getref het om voor die kruis gebore te word, "ingesluit" en "in bewaring" met slegs figuurlike hoop, omdat Jesus nog nie gebore is nie. In so 'n stelsel word God onregverdig en onbillik, want hy is ongevoelig teenoor diegene in die Ou Testamentiese era en vol genade en guns vir diegene wat na die kruis gebore is, wie "werklike", eerder as figuurlike, vergifnis ontvang het. In Waggoner se stelsel is die offer van Christus effektief vanaf "die grondlegging van die wêreld", en almal, insluitend dié in die Ou Testament, wat deur die werking van die wet op hul hart hul eie sondigheid kon sien, kon hul Verlosser aanroep en ware vergifnis, genesing en geregtigheid ontvang. Soos Waggoner hierbo sê: "Abel en Noag en Abraham, en ander, was werklik regverdig; hulle het die volmaakte geregtigheid van geloof gehad; daarom moes hulle daadwerklike vergifnis gehad het."

Ellen White is deur die Here getoon dat wat Waggoner omtrent die verbonde verkondig het, korrek was. In dieselfde jaar wat sy hierdie waarheid gewys is, het sy Patriarge en Profete gepubliseer, wat ook 'n gedeelte oor die wet en die verbonde ingesluit het.

> Die genadeverbond is oorspronklik in Eden met die mens aangegaan toe God hom na die sondeval beloof het dat die vrou se saad die slang

> se kop sou vermorsel. **Hierdie verbond het vir alle mense vergifnis en <u>die ondersteunende genade</u> van God beloof vir toekomstige gehoorsaamheid deur geloof in Christus**. Dit het ook aan hulle die ewige lewe belowe op voorwaarde dat hulle aan Gods wet getrou bly. So het die patriarge die hoop op die verlossing ontvang. *Patriarge en Profete*, hfts 32, 326.2

Ellen White was oortuig daarvan dat Waggoner korrek was omtrent die verbonde. Sy het dit weer beskryf en gesê:

> **Sedert ek verlede Sabbat die stelling gemaak het dat die siening van die verbonde, soos dit deur broer Waggoner verkondig is, die waarheid is**, blyk dit dat groot verligting na baie mense gekom het. *Brief 30*, 1890, Bl. 2. (Aan W. C. White en vrou, 10 Maart 1890.) {9MR 329.3} (Vry vertaal)

Dit is waar dat Ellen White in 1888 geen las omtrent die wet in Galasiërs gehad het nie, aangesien daar aan haar getoon is dat nie Butler of Waggoner die vraag korrek gehad het nie. Sy het aan Butler geskryf omtrent haar gids:

> Hy het sy arms na Dr. Waggoner en na jou, ouderling Butler, uitgestrek en in wese soos volg gesê: "Nie een het die volledige lig op die wet nie; nie een se standpunt is volmaak nie. E.G. White, *Brief aan G.I. Butler*, 14 Okt 1888. EGW 1888, Bl. 93. (Vry vertaal)

Waggoner het die wet in Galasiërs tot die morele wet beperk, terwyl Butler die teenoorgestelde standpunt ingeneem het en dit tot die seremoniële wet beperk het. Die strydlustige gees van Butler en Smith het Waggoner in 'n opposisionele posisie ingetrek, terwyl die waarheid aandui dat beide die morele en seremoniële wet die doel van sonde-oortuiging gedien het. Soos baie dinge was die morele en seremoniële wet 'n bron-en-kanaalstelsel waar die een na die ander gelei het. Vir die sensitiewe gewete sou die onskuldige lam wat geslag word, die sondaar se gewete aanspreek, en deur die redes te onthou waarom hulle die lam moet slag, sou die morele wet dan die transaksie voltooi deur die oortuiging van morele sonde.

Alhoewel Waggoner nie volmaak in sy standpunt omtrent die wet in Galasiërs was nie, was sy posisie baie beter as dié van Butler, wat die valse siening van die bedelings van die verbonde gehad het. Waggoner se standpunt moes *uitgebrei* word om die seremoniële wet in te sluit; Butler se standpunt moes *verander* word om op die korrekte platform van die verbonde te kom, en dan moes die morele wet ingesluit word.

Teen 1891 het Ellen White haar standpunt omtrent die wet in Galasiërs gewysig deur in die openbaar te sê dat Butler en Smith en diegene wat hulle gevolg het, verkeerd was omtrent die wet in Galasiërs.

> Deur te versuim om die Gees van Christus te koester, deur verkeerde standpunte in te neem in die stryd omtrent die wet in Galasiërs – ’n vraag wat baie nie ten volle verstaan het voordat hulle ’n verkeerde standpunt ingeneem het nie – het die kerk ’n hartseer verlies gely. *E.G. White Dagboek-inskrywing*, 27 Februarie 1891. EGW 1888, Bl. 894. (Vryvertaling)

Ons kom terug na 6 Maart 1890 toe Ellen White gewys is dat Waggoner die waarheid omtrent die verbonde het. Ellen White het die dringendheid van hierdie visioen aangevoel en dat die vrystelling van die krag van die laatreën met hierdie kwessies verband hou. Twee dae later, op die Sabbat, het sy die gemeente dringend gewaarsku.

> In die lig wat voorlaaste nag na my gekom het, is alles weer voor my blootgelê, insluitend die invloed wat aan die werk was, en waarheen dit sou lei. Ek wil vir julle sê, broers, wie julle ook al is, ek wil vir julle sê, dat julle slegs weer deur dieselfde kwessies werk as wat hulle in die dae van Christus gewerk het. Jy het hul ervaring gehad; mag God ons verlos daarvan om dieselfde uitkoms as hulle te hê. Maar ten spyte daarvan dat julle my getuienis gehoor het, nieteenstaande dat dit die getuienis van die Gees van God was, **het julle julself gereed gemaak, - 'n paar van julle, sterk manne met ‘n vasbeslote wil, - om dit uit te voer op julle manier, om dit te beveg op julle manier. Mag God julle siele genadig wees, want julle het dit nodig. Julle het [594] reg in die pad van God gestaan. Die aarde moet met sy heerlikheid**

**verlig word, en indien julle bly staan waar julle vandag staan, kan julle net so wel sê dat die Gees van God die gees van die duiwel is**. Julle het dit nou in jul optrede en houdings gesê dat dit die gees van die duiwel is. Julle het dit so gestel, en julle sal dit so stel wanneer die krisis kom. **En terwyl ek hier op my knieë bid, het ek die bewyse gesien dat daar 'n breuk sou wees. Die Gees van God het oor my gekom, die lig van die hemel het in my hart geskyn, en sy vertroostende genade is oor my. My gedagtes is so helder soos 'n sonstraal; Ek verbly my vandag in God, my Verlosser**. **Ek dank God dat ek nie tot die dood toe moedeloos is nie**; ek dank God dat ek aan die arm van oneindige krag vasgeklou het om glad nie alleen te staan nie. **Die wat saam met my moes gestaan het, wie God wou hê saam met my moes staan om die seëninge te ontvang, het so gestaan dat hulle my weg op elke tree versper**. Ek wil vir julle sê, broeders, daar is debatteerders onder ons. Ek het hulle in Minneapolis gewaarsku om nooit 'n leraar in 'n konferensie aan die sy van 'n debatteerder te plaas nie. **Vir die afgelope twintig jaar het ek lig ontvang met betrekking tot debatteerders. Hulle sal lig in duisternis verander**. Dit is presies wat Broer Matthew Larson sal doen. Hy het 'n opvoeding, maar tensy die Heilige Gees oor hom kom, sal hy nooit hierdie saak tot aan sy einde studeer nie. Wat is fout? Ek is bevrees ter wille van Broer Larson; Ek is bevrees ter wille van Broer Larson. Ek sal nie met jou praat tensy ander manne ook by is nie. **Jy sal my woorde neem. Jy sal 'n valse uitlegging daaraan heg, en jy sal my woorde dit of dat laat beteken, iets anders as wat dit beteken**. En die wat staan en kritiseer, laat ek julle sê, julle [595] wandel in die vonke van dit wat jul self aangesteek het, en julle is totaal in die duister gelaat. Dit is die woord van God. God het die saak duidelik voor my gestel. Toe ons in Des Moines was het ek dit vir Broer Morrison vertel. Ek het gesê: "**As jy nie maak soos ouderling Canright nie, is dit omdat jy 'n bekeerde man sal wees; maar elke siel wat met jou in verbinding is, wat jy opgevoed en opgelei het as 'n debatteerder, sal jy wens dat daardie werk ongedaan gemaak is**." Broeders, ons is nie hier vir hierdie werk nie. Ons is nie hier om

ongelowige en ontroue skrywers se werk te bestudeer, om ons gedagtes te open vir die voorstelle van die duiwel nie. Ons is hier om gereed te maak vir die oordeel, en ons staan amper op die grense van die ewige wêreld. Hier is baie wat na hul arbeidsvelde moet gaan, om die dinge te versterk wat gereed is om te vergaan, of om in magte van duisternis te wees. Wat gaan julle nou in hierdie saak doen? {1888 593.1}

Ek smeek nou van julle wat vandag hier is, wat gekoesterde sondes het, wat dit ook al mag wees, ruim dit op en kry dit uit die pad. Mag God julle help om tot bekering te kom. O, ek sien vandag die glimlagte op Jesus se gesig. Ek is so dankbaar. Ek weet dat God ons sal help indien ons die Koning se hoofweg sal oopmaak. **Ek het gehoop, Broer Porter, toe jy in Kansas was, en die Gees van die Here oor jou gekom het, het ek gehoop dat jy in die lig mag wees; maar jy is nie in die lig nie. Moenie verbaas wees indien ek, wanneer julle in die duister is, weier om 'n onderhoud met enige van julle te hê nie**. Ek het dit oor en oor herhaal. Christus het gesê: “Waarom begryp julle nie wat Ek sê nie?” [Joh. 8:43] **Ek sou sê: “Waarom hoor julle nie die woorde van Christus wat aan julle voorgehou word nie**? Waarom wil julle duisternis hê? **Hulle is so bang om te sien dat daar nog 'n ligstraal is. Hulle sal elke denkbare versperring daarteen opbou.** [596] **Julle werk net soos die Jode gewerk het. Moenie aan Broer Smith vashou nie. In die naam van God, sê ek vir jou, hy is nie in die lig nie. Hy was nie in die lig sedert hy in Minneapolis was nie. Julle het bymekaar gekom, julle het julleself opgebou, en julle het in elke opsig probeer om die Gees van God te weerstaan. Mag God medelye met julle siele hê**. {1888 595.1} (Vry vertaal)

Wat 'n innige, diep waarskuwing aan die leiers van die kerk. Watter moed het daardie vrou aan die dag gelê om met manne te praat vir wie sy baie omgegee het, om hulle te waarsku dat hulle die werk van God blokkeer en die koms van die laatreën verhoed. Let op dat hierdie getuienis gelewer is net nadat sy getoon is dat Waggoner die waarheid omtrent die verbonde het. Die uitstorting van die laatreën hou verband met hierdie vraag. Diegene wat

vasbeslote is om die siening van die bedelings te verkondig in die aangesig van hierdie lig van die verbonde, blokkeer die werk van God en is nie in die lig nie. Hulle werk is in teenstelling met God se werk en berei baie mense voor vir vernietiging. Mag die Here Jesus ons help om hierdie saak in sy regte lig te sien. Ons, as 'n groep mense, herhaal groot dele van hierdie geskiedenis en draai weg van hierdie lig en noem dit duisternis. Wee hulle wat sleg goed noem en goed sleg (Jes.5:20). Mag die Here genadig wees oor sulkes. Betree nou die platform terwyl daar tyd is en julle sal veilig wees.

Hoekom is dit so belangrik om die verbonde reg te verstaan? Oorweeg die volgende tekste:

> Romeine 5:20 Maar die wet het daar bygekom, sodat die misdaad meer sou word; en waar die sonde meer geword het, het die genade nog meer oorvloedig geword.

Indien jy hierdie vers vanuit die standpunt van die ou en nuwe bedelings lees, het die wet by die berg Sinai begin, lank voor die kruis en lank voordat genade baie meer oorvloedig geword het ná die dood van Jesus. Hierdie selfde bedelingsbril word gebruik om verse soos hierdie te lees.

> Johannes 1:17 Want die wet is deur Moses gegee; die genade en die waarheid het deur Jesus Christus gekom.

Dit word soos volg gelees:

> Die Wet het by die berg Sinai begin; maar genade en waarheid het gekom toe Jesus die eerste keer aarde toe gekom het.


In hierdie raamwerk word wet en genade deur tyd geskei. Deur die gebruik van bedelings van tyd, beteken die frase "nie onder die wet nie" om nie in die Ou Testament te leef nie, eerder as om nie onder die veroordeling van die wet te wees nie.

> 2 Korinthiërs 3:6 …wat ons bekwaam gemaak het as dienaars van 'n nuwe testament, nie van die letter nie, maar van die gees; want die letter maak dood, maar die gees maak lewend.

Die letter wat doodmaak, is wat gebeur het in die tyd voor die Kruis en die Gees wat lewend maak is wat gesê word gebeur na die kruis. Dit veroorsaak dat Moses en Paulus teen mekaar werk na die kruis.


Wanneer ons 'n bedelingsbril dra, red die bediening van Paulus ons van die werk van Moses wat ons wil vermy, want Moses bring geestelike dood teweeg. Hierdie dood is wat die voorstaander van die bedelings sien gebeur het met die Jode onder die wet voor die kruis. Terwyl ons die Bybelse persoonlike ervaringsbril dra, word die werk van Moses deur die wet toegelaat om sy werk te doen om die ou mens dood te maak, wat ‘n verheerlikte werk is, sodat dit die weg baan vir Paulus om 'n bedienaar van die Gees te wees.

1. Bedelings van Tyd




*Ou Verbond voor die kruis, Nuwe Verbond na die kruis.*
*Israel word deur die wet gered en Christene deur Genade.*
*Simboliese vergifnis in die Ou Test. Werklike vergifnis na die kruis.*

2. Bedelings van Ondervinding




*Ou Verbond bring elkeen na Nuwe Verbond.*
*“...het die bedoelinge van God met die verlossingsplan geleidelik ontplooi"*
*PP 329.*
*Ou Verbond = Kanaal | Nuwe Verbond = Bron*
*Almal gaan in hul ondervinding, van Ou Verbond na Nuwe Verbond oor.*

Binne die bedelingstelsel word enige persoon wat enigiets omtrent die wet in 'n positiewe lig noem, gesien as wetties en 'n Judaïseerder, omdat daar gesê word dat Jesus ons vrymaak van die wet (nie slegs van die veroordeling van die wet nie) en ons in die koninkryk van genade bring. Indien ons hierdie verse in die bedelingstelsel plaas, kry ons die volgende:

| Vers | Ou Verbond<br>= Voor die Kruis v.C. | | Nuwe Verbond<br>= Van Christus af n.C. |
|---|---|---|---|
| | | | |
| Rom 5:20 | Maar die wet het daar bygekom, sodat die misdaad meer sou word | | en waar die sonde meer geword het, het die genade nog meer oorvloedig geword |
| Joh 1:17 | Want die wet is deur Moses gegee | | die genade en die waarheid het deur Jesus Christus gekom |
| 2 Kor 3:6 | want die letter maak dood | | maar die gees maak lewend. |
| 2 Kor 3:9 | Want as die bediening wat veroordeel, heerlikheid was, | | veel meer is die bediening wat regverdig maak, oorvloedig in heerlikheid. |
| Heb 7:19 | omdat die wet niks volkome gemaak het nie | | maar aan die ander kant is daar die invoering van 'n beter hoop waardeur ons tot God nader. |

Let op in hierdie stelsel hoe diegene wat voor die kruis gelewe het, werklik 'n onbillike behandeling ontvang. Dit lyk of diegene wat daarna leef 'n goeie behandeling te kry (groot genade met geen wet wat ons pla nie!), maar volgens Romeine 5:20 het ons steeds ‘n wet nodig vir genade, en dus kry selfs diegene wat na die kruis leef in hierdie stelsel 'n onbillike behandeling.

Hierdie verbondstelsel, wat verdeel word in twee tydperke, is deur manne soos Augustinus voorgestaan en tot in die Protestantse kerke deurgedra en is dus natuurlik deur die Adventistebeweging oorgeëerf.

> In daardie testament [verbond], wat tereg die Ou Testament genoem word, en op die berg Sinai gegee is, word **slegs aardse geluk uitdruklik belowe**. Gevolglik word daardie land, waarheen die nasie, na hulle gelei is deur die woestyn, geneem is, die beloofde land genoem. Vrede en koninklike mag, en die verkryging van oorwinnings oor vyande, en 'n oorvloed van kinders en van vrug van die land, en gawes van 'n soortgelyke soort, is in hierdie land **die beloftes van die Ou Testament [verbond]. En dit is inderdaad afbeeldings van die geestelike seëninge wat tot die Nuwe Testament [verbond] behoort**; Philip Schaff, "*Augustine, Anti Pelagian Writings*," Nicene and Post Nicene Father Series 1, Vol 5 (Vry vertaal)

Baie van Protestantisme is op hierdie fondasie gebou. Terwyl hulle wel pogings aangewend het om hierdie bril af te haal, het die meeste nie daarin geslaag om daaruit los te breek nie. Hier is 'n aanhaling uit 'n Baptiste belydenis van geloof:

> Die twee klasse van verbonde, opgelos in twee verbonde; hul aard en kontras; **ou verbond vervul, en vervang deur die nuwe**; voorbereiding van die Heidense wêreld vir die Messias se koms; aard en voortreflikheid van die evangelie.
> http://founders.org/library/covenants/ch8/ (Vry vertaal)

Hierdie verbondsraamwerk dien as 'n bril wat ons dwing om na die evangelie deur 'n donker vensterglas te kyk, want dit skei die wet en die evangelie wat ontwerp is om saam te werk om ons oorvloedige genade te gee.

> **Niemand kan die wet van God sonder die evangelie of die evangelie sonder die wet reg verkondig nie. Die wet is die beliggaming van die evangelie, en die evangelie is die ontplooiing van die wet. Die wet is die wortel, die evangelie is die geurige bloeisel en die vrug wat dit dra.** Die Ou Testament werp lig op die Nuwe, en die Nuwe op die

> Oue. Elk is ‘n openbaring van die heerlikheid van God in Christus. Albei openbaar waarhede wat voortdurend aan die ernstige soeker nuwe dieptes van betekenis sal openbaar. *Gelykenisse van Christus*, bl. 82; *Christ’s Object Lessons*, bl.128

Wanneer ons hierdie bedelingsbril van Augustinus afhaal en die Eerste Engel die ewige evangelie in sy hand laat dra, dan werk die wet en die evangelie saam om ons oorvloedige genade in ons persoonlike ervaring te gee. Die tekste wat ons hierbo verduidelik het, is die ervaring van elke gelowige deur die hele geskiedenis van die mensdom.

| Vers | Persoonlike Ondervinding – Wet en Evangelie werk saam |
|---|---|
| Rom 5:20 | Beide testamente: Maar die wet [ons persoonlike ervaring] het daar bygekom, sodat die misdaad meer sou word [oortuig ons van sonde]; en waar [op selfde plek en tyd] die sonde meer geword het, het genade nog meer oorvloedig geword [in ons persoonlike ervaring]; |
| Joh 1:17 | Na die Kruis: Want die wet is deur Moses gegee [vir ons persoonlik vandag]; die genade en die waarheid het deur Jesus Christus gekom [kom vandag persoonlik na ons toe].<br>Voor die Kruis: Want die wet is deur Moses gegee [aan elkeen in Israel]; die genade en die waarheid het deur Jesus Christus gekom [deur Christus persoonlik na elkeen]. |
| 2 Kor 3:6 | Beide Testamente: want die letter maak dood, maar die gees maak lewend. |
| 2 Kor 3:9 | Beide testamente: Want as die bediening wat veroordeel [teenwoordige tyd], heerlikheid was, veel meer is [teenwoordige tyd] die bediening wat regverdig maak, oorvloedig in heerlikheid |
| Heb 7:19 | Beide testamente: Omdat die wet niks volkome gemaak het nie; maar aan die ander kant is daar die invoering van 'n beter hoop waardeur ons tot God nader. |

Kan jy sien hoe die verskillende raamwerke ‘n invloed uitoefen op hoe die Skrif gelees word? Die siening van bedelings veroorsaak dat ons die mense sien as

bome wat loop. Dit bied slegs 'n deel van die verlossingsproses aan en verhinder ons om oorvloedige genade te ontvang, want oorvloedige genade kom net waar die wet bygekom het.

Paulus vertel ons duidelik van die parallelle aard van die twee verbonde soos volg:

> Galasiërs 4:22-26 Want daar is geskrywe dat Abraham twee seuns gehad het, een uit die slavin en een uit die vrye. (23) Maar die een uit die slavin is gebore na die vlees, en die ander een uit die vrye deur die belofte. (24) Dit is sinnebeelde, want dié vroue staan vir twee verbonde: een, van die berg Sinai afkomstig, wat vir die slawerny kinders baar – dit is Hagar; (25) want Hagar staan vir die berg Sinai in Arabië en kom ooreen met die teenswoordige Jerusalem **en is met haar kinders saam in slawerny**. (26) **Maar Jerusalem daarbo is vry**; en dit is die moeder van ons almal.

> Romeine 9:3-4 Want ek sou self kon wens om ter wille van my broers, my stamgenote na die vlees, ‘n vervloeking te wees, wég van Christus af. (4) Hulle is Israeliete aan wie die aanneming tot kinders behoort en die heerlikheid **en die verbonde** en die wetgewing en die erediens en die beloftes;

Israel is nie een verbond gegee nie, maar eerder die verbonde.

Dit bring ons nou terug na die stryd oor Galasiërs 3. Ons sal dit benader deur die belangrike beginsel wat Paulus in Romeine 5:20 gee en dit parallel plaas aan Galasiërs 3:19-25.

> Romeine 5:20 Maar die wet het daar bygekom, sodat die misdaad meer sou word; en waar die sonde meer geword het, het die genade nog meer oorvloedig geword.

> Galasiërs 3:19-25 Wat beteken die wet dan? Dit is bygevoeg weens die oortredinge, totdat die saad aan wie die belofte gedoen is, sou kom; en dit is deur engele beskik deur tussenkoms van 'n middelaar. (20) En die middelaar is nie net vir een nie; maar God is een. (21) Is

die wet dan teen die beloftes van God? Nee, stellig nie! Want as daar ‘n wet gegee was wat krag het om lewend te maak, dan sou die geregtigheid werklik uit die wet wees. (22) Maar die Skrif het alles ingesluit onder die sonde, sodat die belofte uit die geloof in Jesus Christus aan die gelowiges gegee kon word. (23) Maar voordat die geloof gekom het, is ons onder die wet in bewaring gehou, ingesluit met die oog op die geloof wat geopenbaar sou word. (24) Die wet was dus ons tugmeester na Christus toe, sodat ons geregverdig kan word uit die geloof. (25) Maar nou dat die geloof gekom het, is ons nie meer onder 'n tugmeester nie.

Indien ons bedelingsbril dra wanneer ons hierdie gedeelte in Galasiërs lees, sal ons natuurlik die sleutelgedeeltes soos volg verdeel:

| Galasiërs 3 | Ou Verbond = Voor die Kruis v.C. | | Nuwe Verbond = Vanaf Christus n.C. |
|---|---|---|---|
| Vers 19 | Wat beteken die wet dan? Dit is bygevoeg weens die oortredinge | | totdat die saad… sou kom… |
| Vers 23 | Maar voordat die geloof gekom het, is ons onder die wet in bewaring gehou, ingesluit met die oog op die geloof | | wat geopenbaar sou word. |
| Vers 24 | Die wet was dus ons tugmeester | | na Christus toe, sodat ons geregverdig kan word uit die geloof. |
| Vers 25 | | | Maar nou dat die geloof gekom het, is ons nie meer onder 'n tugmeester nie. |

James White het die fondasie van die Adventistebeweging op dieselfde twee-verbondstelsel as Augustinus en die Protestantse Kerke gelê. Met inagneming van die Protestantse erfenis van Adventisme, was dit 'n natuurlike ding om te doen.

> **Die skuldbrief teen ons, wat met sy insettinge ons vyandig was, wat by die kruisiging van die Messias aan die kruis vasgenael is, [Kol.2:14] was die tipiese, seremoniële wet van Moses, wat met die hand van Moses in 'n boek geskryf is. Die kruisiging was die skeidslyn tussen die twee bedelings.** "…gedurende die helfte van die week sal hy slagoffer en spysoffer laat ophou." Dan. 9:27. Die eerste verbond wat "verordeninge vir die erediens asook sy aardse heiligdom" gehad het [Hebreërs 9:1], was 'n skaduwee van die tweede, en beter verbond. **Die wet was die skadu, en die Evangelie is die liggaam wat die skaduwee gewerp het; en net soos alle skaduwees tot by hulle liggaam reik, en nie verder nie**, is dit baie duidelik dat die offers en offergawes, nuwemane, feesdae en sabbatte van die Joodse wet beëindig is, toe die kosbare liggaam en bloed van die Lam van God aan die kruis geoffer was. Dit is wat Paulus noem om "dit aan die kruis vas te nael." [Kolossense 2:14] "Laat niemand julle dan oordeel in spys of in drank of met betrekking tot 'n fees of nuwemaan of sabbat nie, wat 'n skaduwee is van die toekomstige dinge; maar die liggaam behoort aan Christus." James White, *Present Truth*, Augustus 1849. (Vry vertaal)

Adventisme het begin deur die Tien Gebooie as die morele wet te beskou en daarom was dit vir ewig behou; en al die ander dinge is as seremonieel beskou. Hierdie raamwerk het veroorsaak dat die Ou Testament as 'n skaduwee gesien is en die Nuwe Testament as die liggaam of werklikheid. Selfs al lyk dit vreemd dat 'n skaduwee sonder die liggaam vir 4000 jaar kan bestaan, is dit die grondslag van die verbondstelsel in Adventisme.

Manne soos Uriah Smith en G.I. Butler het op hierdie fondasie gebou. Dit was dalk genade dat James White voor die 1888-konferensie oorlede is, sodat die

sterk genootskap tussen manne soos Butler en Smith en ander hom nie teen Waggoner en Jones sou laat draai het nie.

Toe die sterk Adventistiese standpunt aangaande die ewige aard van die Tien Gebooie gekombineer is met die verbondstelsel met bedelings, moes die wet in Galasiërs 3:19-24 seremonieel wees. Want indien die wet wat in Galasiërs genoem word, die morele wet insluit, dan sou Galasiërs 3:19 geïnterpreteer moes word dat die Tien Gebooie beëindig is toe Christus die eerste keer as 'n mens na hierdie aarde gekom het.

Toe E.J. Waggoner begin verkondig het dat die wet in Galasiërs die morele wet was, was die enigste logiese gevolgtrekking waartoe die kerkleiers kon kom, dat Waggoner die einde van die morele wet, toe Christus 2000 jaar gelede gekom het, voorgestaan het. Hulle verbondstelsel het hulle gedwing om dit so te beskou. Dit het gelyk of dit vir hulle totaal onmoontlik was om hulle los te breek van hierdie bedelings van Augustinus. Hulle hele teologie was rondom hierdie raamwerk gebou en hulle het al hulle opponente suksesvol met daardie raamwerk gedebatteer, so waarom dan ‘n verandering maak? Ellen White het vir hulle gesê dat hul siening van die wet in Galasiërs – 'n siening wat deur die verbondstelsel van bedelings ondersteun word – afgodery was.

> “Waarom,” het ek gevra, “is jul interpretasie van die wet in Galasiërs vir julle kosbaarder, en is jul yweriger om jul idees op hierdie punt te handhaaf, as om die werking van die Gees van God te erken? **Julle het al die kosbare getuienis vanuit die hemel geweeg volgens jul eie weegskaal, soos julle die wet in Galasiërs geïnterpreteer het**. Niks kon na julle toe kom met betrekking tot die waarheid en die krag van God, tensy dit jul goedkeuring sou dra nie, **die kosbare idees wat julle oor die wet in Galasiërs verafgod het**.
>
> “Hierdie getuienisse van die Gees van God, die vrug van die Gees van God, dra geen gewig tensy dit bestempel is met jul idees van die wet in Galasiërs nie. Ek is bevrees om julle onthalwe en ek is bevrees vir jul interpretasie van enige Skrif wat in so 'n nie-Christelike gees geopenbaar is soos wat julle geopenbaar het en my soveel onnodige arbeid gekos het. Indien julle sulke baie versigtige mense was en so

> baie krities was dat julle nie iets sal aanvaar wat nie in ooreenstemming met die Skrifte is nie, wil ek hê dat julle denke na hierdie dinge in die ware lig moet kyk. **Laat julle versigtigheid aan die dag gelê word in lyn met die vrees dat julle nie die sonde teen die Heilige Gees pleeg nie**. {9MR 225.1} (Vry vertaal)

Waggoner se siening van die verbonde het hom toegelaat om Galasiërs 3:19-25 op 'n ander manier te aanskou. Ons onthou dat Augustinus verkondig het dat die beloftes in die Ou Testament slegs op hierdie aarde van toepassing was. Die belofte van die land is vervul met die verowering van Kanaän. Hierdie beloftes was simbole van die hemelse Kanaän wat aan diegene in die Nuwe Testament belowe is. Met 'n skoner verbondsbril het Waggoner die duisternis van Augustinus en eeue se onwaarheid omtrent die wet en die evangelie, binnegedring.

> Om 9 vm gaan ouderling Waggoner voort met sy lesse omtrent die wet en die evangelie. Die Skrif wat oorweeg is, was die vyftiende hoofstuk van Handelinge en die tweede en derde van Galasiërs, wat vergelyk is met Romeine 4 en ander gedeeltes in Romeine. Sy doel was om aan te toon waaroor die twispunt gaan: oor regverdigmaking deur geloof in Christus, dieselfde geloof wat aan ons toegereken word, net soos aan Abraham, tot geregtigheid. **Die verbond en beloftes aan Abraham is die verbond en beloftes aan ons**. "Third Day's Proceedings", *General Conference Daily Bulletin* (21 Okt, 1888) (Vry vertaal)

Dit beteken die belofte om die land te beërwe, is dieselfde belofte aan ons, dat die sagmoediges die aarde sal beërwe. (Matt. 5:5). Galasiërs 3:19-25 word voorafgegaan en konteks gegee deur Galasiërs 3:16.

> Galasiërs 3:16 **Nou is aan Abraham die beloftes toegesê en aan sy saad**. Hy sê nie: En aan die sade, asof dit op baie sien nie, maar op een: En aan jou saad, dit is Christus.

Wat was die beloftes wat aan Abraham gegee is?

> Génesis 12:2-3 **En Ek sal jou 'n groot nasie maak en jou seën en jou naam so groot maak,** dat jy 'n seën sal wees. (3) En Ek sal seën diegene wat jou seën, en hom vervloek wat jou vervloek; en **in jou sal al die geslagte van die aarde geseën word**.

> Génesis 12:7 Daarop verskyn die HERE aan Abram en sê: **Aan jou nageslag sal Ek hierdie land gee**. Toe bou hy daar 'n altaar vir die HERE wat aan hom verskyn het.

> Génesis 13:15 **want die hele land wat jy sien, sal Ek aan jou gee en aan jou nageslag tot in ewigheid**.

> Génesis 15:4-5 Toe kom die woord van die HERE tot hom en sê: Hierdie een sal jou erfgenaam nie wees nie, **maar die een wat uit jou liggaam sal voortkom, hy sal jou erfgenaam wees**. (5) Daarop lei Hy hom uit na buite met die woorde: Kyk nou op na die hemel en tel die sterre as jy hulle kan tel. En Hy sê vir hom: **So sal jou nageslag wees**.

Abraham is belowe dat hy geseën sou word met 'n groot nasie; sy naam sou groot wees; hy sou 'n erfgenaam hê en uiteindelik sou hy en sy nageslag die land vir ewig ontvang. Let daarop dat Abraham self, saam met sy nageslag, daardie land vir ewig sou beërwe. Hoeveel land is aan Abraham belowe?

> Romeine 4:13 Want die belofte **dat hy erfgenaam van die wêreld sou wees**, het Abraham of sy nageslag nie deur die wet verkry nie, maar deur die geregtigheid van die geloof.

Hoeveel van hierdie erfenis het Abraham ontvang?

> Handelinge 7:4-5 Toe het hy getrek uit die land van die Chaldeërs en in Haran gaan woon; en ná die dood van sy vader het Hy hom daarvandaan laat verhuis na hierdie land waarin julle nou woon. (5) **En Hy het hom geen erfdeel daarin gegee nie, selfs nie 'n voetbreed nie**, maar Hy het belowe om dit aan hom en sy nageslag ná hom as eiendom te gee, toe hy nog geen kind gehad het nie.

Dus moet Abraham nog die land beërwe; daarom is hierdie belofte nie vervul deur die verowering van Kanaän nie. Die belofte aangaande die land wat aan Abraham en sy Nageslag (sy Saad) gemaak is, speel 'n kritieke rol om Galasiërs 3:19 te verstaan.

> Galasiërs 3:19 Wat beteken die wet dan? Dit is bygevoeg weens die oortredinge, totdat **die saad aan wie die belofte gedoen is, sou kom**; en dit is deur engele beskik deur tussenkoms van 'n middelaar.

Die insluiting van die belofte aan die saad verander die tydsduur in die woord *totdat*. Wanneer ons hierdie gedeelte as bedelings lees, is die gedeelte van die teks wat relevant is soos volg:

> Galasiërs 3:19 Wat beteken die wet dan? Dit is bygevoeg weens die oortredinge, **totdat die saad**… **sou kom…**

Die woord *totdat* beteken dan totdat Christus 2000 jaar gelede op die aarde verskyn het. Maar dit is slegs ‘n gedeelte van die vers en is nie in konteks met Galasiërs 3:16 omtrent die beloftes aan Abraham en Sy Saad nie.

Wanneer die beloftes aan Abraham deur die lens van die ewige verbond aan ons, aanskou word (en dit is dieselfde beloftes aan ons as dié wat deur al die profete in Ou en Nuwe Testament oorvertel en herhaal word), dan word hierdie beloftes 'n belangrike deel van die vers en die woord *totdat* strek tot Abraham en sy Saad al die beloftes ontvang.

> Galasiërs 3:19 Wat beteken die wet dan? Dit is bygevoeg weens die oortredinge, totdat **die saad aan wie die belofte gedoen is, sou kom…**

Wanneer word die beloftes vervul?

> 2 Petrus 3:12-13 julle wat die koms van die dag van God verwag en verhaas, waardeur die hemele deur vuur sal vergaan en die elemente sal brand en versmelt. (13) Maar **ons verwag volgens sy belofte nuwe hemele en 'n nuwe aarde** waarin geregtigheid woon.

Hebreers 11:9-10 Deur die geloof het hy as vreemdeling gaan woon in die land van belofte soos in 'n vreemde land en in tente gewoon met Isak en Jakob, die mede-erfgename van dieselfde belofte. (10) **Want hy het die stad verwag wat fondamente het, waarvan God die boumeester en oprigter is**.

Hebreers 11:16 **Maar nou verlang hulle na 'n beter een, dit is 'n hemelse**. Daarom skaam God Hom nie vir hulle om hulle God genoem te word nie, want Hy het vir hulle 'n stad berei.

Openbaring 21:1-2 En ek het 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde gesien, want die eerste hemel en die eerste aarde het verbygegaan; en die see was daar nie meer nie. (2) En ek, Johannes, het die heilige stad, die nuwe Jerusalem, sien neerdaal van God uit die hemel, toeberei soos 'n bruid wat vir haar man versier is.

Hierdie beloftes sal vervul word aan die einde van die Millennium wanneer die verlostes na hierdie aarde terugkeer. Dit dui aan dat *totdat* van Galasiërs 3:19 beteken dat die Wet wat by Sinai bygebring en herhaal is, sal voortduur tot die einde van hierdie huidige wêreld, wanneer die Saad sal kom en die beloftes saam met Abraham ontvang. Ons let op dat Galasiërs 3:19 sê "totdat die saad *aan wie* die belofte gedoen is, sou kom." Dit sê nie "totdat die saad *van wie* die belofte gedoen is, sou kom" nie. Die koms van die saad word gekombineer met die ontvangs van die belofte, wat die hele wêreld is.

Ellen White het Waggoner se idees omtrent die erfenis in Galasiërs 3:16 en 19 ondersteun en dit by die 1890-uitgawe van *Patriargs and Prophets* gevoeg.

Die erfenis wat God aan Sy volk beloof het, is nie in die wêreld nie. Abraham het geen besitting op aarde gehad nie, "selfs nie 'n voetbreed nie" (Handelinge 7:5). Hy het groot vermoëns besit en dit tot eer van God en tot voordeel van sy medemense aangewend; maar hy het hierdie wêreld nie as sy tuiste beskou nie.

**Maar God het Sy woord nie gebreek nie; en dit is ook nie uiteindelik verwesenlik toe die Joodse volk Kanaän betrek het nie. "Nou is aan Abraham die beloftes toegesê en aan sy saad." Galasiërs 3:16.**

> **Abraham moes self in die erfnis deel. Dit skyn miskien dat die vervulling van Gods beloftes vertraag word** - want "een dag is by die Here soos duisend jaar en duisend jaar soos een dag" (2 Petrus 3:8); dit skyn miskien asof dit talm; maar op die bestemde tyd sal dit alte seker kom "en nie versuim nie" (Habakuk 2:3). Die gif [geskenk] aan Abraham en sy saad is nie tot net Kanaän beperk nie, maar sluit die hele aarde in. Aldus sê die apostel: "Die belofte dat hy 'n erfgenaam van die wêreld sou wees, het Abraham of sy nageslag nie deur die wet verkry nie, maar deur die geregtigheid van die geloof." (Romeine 4:13). En die Bybel leer duidelik dat die beloftes wat aan Abraham gemaak is, deur Christus vervul sal word. Almal wat aan Christus behoort, is "die nageslag van Abraham en volgens die belofte erfgename," - erfgename van " 'n onverganklike en onbesmette en onverwelklike erfenis" - naamlik die aarde nadat dit van die vloek van die sonde bevry is (Galasiërs 3:29; 1 Petrus 1:4). Want "die koningskap en die heerskappy en die grootheid van die koninkryke onder die ganse hemel [word] gegee aan die volk van die heiliges van die Allerhoogste" en "die ootmoediges ... sal die aarde besit en hulle verlustig oor groot vrede" (Daniël 7:27; Psalms 37:11). *Patriarge en Profete* 136.4-137.1

Deur die verbondsbeloftes in Galasiërs 3 in te bring, laat dit toe dat die morele wet met volle krag funksioneer tot na die Wederkoms. Die effek van hierdie verandering word baie duidelik gestel in 1888 deur Waggoner.

> Dit is duidelik dat [Galasiërs 3] verse 19 en 24 baie nou verwant is, dit wil sê, toe die wet bygekom het, of bygevoeg is, was dit in die hoedanigheid van 'n streng opvoedkundige (of pedagoog) om mense na Christus te bring. **Om nou die wet af te skaf voordat dit almal na Christus gebring het wat oorgehaal kan word om na Hom te kom, sou beslis 'n daad van onreg wees. Die wet moet sy amp van pedagoog of slawemeester behou, totdat almal wat wil na Christus gekom het, en dit sal nie wees voordat die genadedeur sluit en die Here kom nie. In sy amp as pedagoog werk dit nie teen die belofte nie, maar werk in harmonie daarmee**. Dus: God het die belofte aan

> Abraham gemaak dat hy en sy nageslag die aarde sou beërwe. Hierdie belofte is aan Abraham gemaak, nie as gevolg van sy inherente geregtigheid nie, maar weens sy geloof, wat hom tot geregtigheid gereken is [Rom.4:5]. Die belofte is in Christus bevestig, dit wil sê, **niemand behalwe diegene wat geloof in Christus beoefen het vir die vergifnis van hul sondes, kon erfgename van die belofte wees nie. Maar vergifnis van sondes hang van sonde-belydenis af, en sonde-belydenis hang van 'n bewustheid van sonde af, en 'n bewustheid van sonde kan slegs deur die wet verkry word**. Daarom tree die wet op as 'n pedagoog, opsiener of slawe-meester, om mense te oorweldig met 'n gevoel van hul sonde, sodat hulle na Christus kan vlug om deur die geloof geregverdig te word. **En hierdie amp moet dit vervul totdat almal wat beïnvloed kan word om na Christus te kom, gekom het, en die belofte vervul is**. Dan sal die wet nie meer die kapasiteit van 'n slawe-meester dra nie. God se mense sal almal regverdig wees, hulle sal in die wet wandel en die wet sal in hulle harte wees. Hulle sal dan nie die wet wat in boeke of op kliptafels geskryf is, nodig hê nie – dit wil sê, die wet wat bygekom het – want hulle sal [35] direkte toegang tot die troon van God hê, en sal almal deur God geleer word. E.J. Waggoner, *Evangelie in Galasiërs*, 1888, Bl. 34,35. (Vry vertaal)

Ek hoop u sal bogenoemde paragraaf noukeurig lees. Dit is die geheim van die direkte, openhartige getuienis aan Laodisea en die Luide Roep. Hier is weer die sleutelpunt:

> ... niemand behalwe diegene wat geloof in Christus beoefen het vir die vergifnis van hul sondes, kon erfgename van die belofte wees nie. Maar vergifnis van sondes hang van sonde-belydenis af, en sonde-belydenis hang van 'n bewustheid van sonde af, en 'n bewustheid van sonde kan slegs deur die wet verkry word. E.J. Waggoner, *Evangelie in Galasiërs*, 1888, Bl. 34. (Vry vertaal)

Om reg te lees en die wet sy krag terug te gee om ons na Christus te bring, moet ons die Bybel deur die lens van die verbonde in ons persoonlike ervaring lees.

Dit moet soos volg wees:

| | |
|---|---|
| Rom 5:20 | Beide testamente: Maar die wet [ons persoonlike ervaring] het daar bygekom, sodat die misdaad meer sou word [oortuig ons van sonde]; en waar [dieselfde plek en tyd] die sonde meer geword het, het die genade nog meer oorvloedig geword [in ons persoonlike ervaring]; |

Nie soos volg nie:

| Vers | Ou Verbond<br>= Voor die Kruis v.C. | | Nuwe Verbond<br>= Vanaf Christus n.C. |
|---|---|---|---|
| Rom 5:20 | Maar die wet het daar bygekom, sodat die misdaad meer sou word | | en waar die sonde meer geword het, het die genade meer oorvloedig geword; |

A.T. Jones is deur die Gees beweeg om hierdie kosbare woorde uit te spreek, wat die korrekte lees van Rom 5:20 insluit. Die volgorde is belangrik.

> Kom ons begin met die vyfde hoofstuk van Romeine, twintigste vers. Die eintlike punt, of ons kan sê, een van die hoofpunte van vanaand se studie is om te sien watter plek die wet van God inneem in die onderwerp van geregtigheid deur geloof; watter plek die wet van God inneem in ons verkryging van geregtigheid alleen deur Jesus Christus, en dit is bloot nog 'n fase van dieselfde gedagte waaroor ons gisteraand gesels het, oor watter bewys die Here ons gegee het om ons vertroue te gee dat ons deur geloof die belofte van die Heilige Gees kan eis.
>
> “Maar die wet het daar bygekom, sodat die misdaad meer sou word.” Met ander woorde, Rom. 3:20, die laaste woorde -- woorde waarmee julle almal vertroud is --- “deur die wet leer ek wat sonde is.”

Waarvoor is die wet op kliptafels gegee—wat is die eerste doel waarvoor dit gegee is? [Gemeente: "Om vir ons te wys wat sonde is."] Om sonde meer te maak; om jou die bewustheid van sonde te gee. Dus, "die wet het daar bygekom, sodat die misdaad meer sou word"; sodat sonde te voorskyn kan kom; dat dit kan lyk soos dit is. Paulus, in die 7de hoofstuk van Romeine, verse 12 en 13, sê hoe dit vir hom gelyk het:

"Dus is die wet heilig en die gebod is heilig en regverdig en goed. Het die goeie dan vir my die dood geword? Nee, stellig nie! Maar wel die sonde, dat dit kon blyk sonde te wees, omdat dit deur goeie vir my die dood bewerk, sodat die sonde deur die gebod uitermate sondig kon word." Om dan die sonde meer te maak en dit te laat lyk soos dit werklik is, uitermatig sondig—dit is die eerste doel waarom die wet gegee is, is dit nie?

Kom ons lees nou verder in Rom 5: "Maar die wet het daar bygekom, sodat die misdaad meer sou word; en waar die sonde meer geword het, het die genade nog meer oorvloedig geword." Het die wet dan slegs gekom om die sonde te laat verskyn, en net daarvoor alleen? [Gemeente: "Nee."] Dit is bloot die middel tot 'n ander doel – die middel tot 'n doel waardeur 'n ander doelwit, buite die bewustheid van sonde, bereik kan word. Is dit so? [Gemeente: "Ja."] Dus, waar sonde meer geword het—waar is dit dat genade nog meer oorvloedig geword het? [Gemeente: "Op dieselfde plek."] Net daar? [Gemeente: "Ja."] Maar lees dit so: "Waar sonde meer geword het, het genade nog meer ... geword"? [Gemeente: "Nee. 'Meer oorvloedig.' "] Dit sou nogal goed wees, nie waar nie, as dit net was waar sonde teenwoordig was, was genade ook teenwoordig? Dit sal nogal goed wees, maar dit is nie die manier waarop die Here dinge doen nie, dit weet julle tog. Hy doen dinge absoluut goed - heeltemal goed, net so goed as wat God kan doen.

Wel, "waar sonde meer geword het, het genade nog meer oorvloedig geword." [Gemeente: "Amen."] Dan, broeders, wanneer die Here

> deur Sy wet vir ons leer wat sonde is, juis op daardie oomblik, op daardie einste punt, is genade nog meer oorvloedig as die bewustheid van sonde. Is dit so? [Gemeente: "Ja."]
>
> Nou nog 'n woord: "Deur die wet leer 'n mens wat sonde is"; en ons het die volgende gevind: dat wanneer die wet die bewustheid van sonde gee, op daardie spesifieke oomblik, op daardie einste plek en op daardie einste punt, in daardie einste ding, is die genade van God baie meer oorvloediger as die bewustheid van sonde. Maar wanneer die wet die bewustheid van sonde gee, wat plaas die oortuiging daar? [Gemeente: "Die Gees van God."] Voordat ons die gedeelte lees wat so sê, laat ons egter kyk wat ons tot dusver gevind het, uit wat ons gelees het – wat moet ek en jy voortaan uit die bewustheid van sonde kry? [Gemeente: "Oorvloed van genade."]
>
> Dan is daar geen moontlike plek vir moedeloosheid meer by die aanskoue van sondes nie, is daar? [Gemeente: "Nee."] Daar is geen moontlikheid daarvoor nie. Dit is onmoontlik, sien jy, vir jou of my om nou nog moedeloos of in 'n duister wolk te wees tydens die bewustheid van sonde. [411]
>
> Want, maak nie saak hoe groot die bewustheid van sonde is nie, of hoeveel sondes aan ons geopenbaar word en tot ons bewustheid gebring word nie, let op, net daar, op daardie einste oomblik, in daardie einste dinge, en op daardie einste tyd in ons ervaring, is die genade van God baie meer oorvloedig as al die bewustheid van sondes. Wel, ek sê weer, hoe is dit moontlik dat ons ooit moedeloos kan wees? Broeders, is dit nie so dat die Here wil hê dat ons goeie moed behou nie? [Gemeente: "Amen!"] Wees opgeruimd! Hou goeie moed! A.T. Jones, *GCB, Preek 20*, 1893 (Vry vertaal)

Dit is hoekom dit so krities is om die verbonde te verstaan. Ons kan eers diepe sonde-oortuiging ervaar wanneer die Wet bykom. Wanneer ons Rom. 5:20 in twee tydsbedelings lees, dan sal ons dit nie op onsself toepas nie, omdat ons bloot onder genade is, maar ware genade kom eers wanneer die wet in ons harte inkom en ons oortuig van ons sonde, sodat ons Christus om vergifnis kan

vra. Dan is daar die gedagte by sommige dat, hoewel Christus nie gekom het om die wet af te skaf nie, Sy koms dit wel irrelevant maak. Ellen White praat direk van hierdie onwaarheid.

> Weens **die verwaarlosing of verwerping van die goddelike wet** bestaan daar dwaalbegrippe oor heiligmaking in die godsdienstige bewegings van vandag. Wat die leer betref is hierdie teorieë vals, en dit het gevaarlike gevolge; en die feit dat hulle so algemeen aangeneem word, maak dit des te meer noodsaaklik dat almal ‘n helder begrip moet hê van wat die Skrifte in hierdie verband leer. *Die Groot Stryd*, 1981, Bl. 427

Ons word duidelik deur Christus self van die werk van die Gees vertel.

> Johannes 16:8 En as Hy kom, sal Hy die wêreld oortuig van sonde en van geregtigheid en van oordeel.

Slegs die Gees wat deur die wet werk kan oortuiging van sonde bring. En op daardie einste plek kan ons oorvloed van Genade ontvang. Galasiërs 3:19-25 moet dus so volg lees:

| Galasiërs 3 | Persoonlike ondervinding – Wet en Evangelie werk saam |
|---|---|
| Vers 19 | Wat beteken die wet dan? Dit is bygevoeg [herhaal/gesproke] weens die [ons] oortredinge, [spreek nou tot ons] totdat die saad [by die wederkoms] aan wie die belofte gedoen is [aan Abraham], sou kom; |
| Vers 21 | Is die wet dan teen die beloftes van God? Nee, stellig nie [Was nooit en sal nooit wees nie]! Want as daar 'n wet gegee was wat krag het om lewend te maak, dan sou die geregtigheid werklik uit die wet wees. |
| Vers 22 | Maar die Skrif het alles [voor en na die kruis] ingesluit onder die sonde [deur die wet], sodat die belofte uit die geloof van Jesus Christus aan die gelowiges gegee kon word. |

| | |
|---|---|
| Vers 23 | Maar voordat die [persoonlike] geloof gekom het, is ons [afsonderlik] onder [veroordeling van] die wet in bewaring gehou, ingesluit met die oog op die geloof wat geopenbaar sou word [wanneer ons Christus persoonlik aanneem as ons Verlosser]. |
| Vers 24 | Die wet was dus ons [persoonlike] tugmeester [regdeur beide Testamente] na Christus toe, sodat ons geregverdig kan word uit die geloof. |

Deur die valse leringe van Augustinus en ander is die waarheid van die evangelie gebruik om die saak van dwaling te dien, en die krag van die laatreën te blokkeer. Dit het al voorheen gebeur.

> Die Heiland het nie gekom om tot niet te maak wat die patriarge en profete gespreek het nie; want dit was Hy self wat deur hierdie manne gespreek het. Al die waarhede van Gods Woord het van Hom gekom. **Maar hierdie kostelike kleinode is vals voorgestel. Hulle kosbare lig is gebruik om dwaalleer te bevorder. God wou hê dat hulle uit daardie valse rame geneem, en in die raam van die waarheid geplaas moes word**. Hierdie werk kon alleen deur 'n goddelike hand gedoen word. Deur sy verbintenis met dwaalleer het die waarheid die saak van die vyand van God en mens gedien. Christus het gekom om dit te stel waar dit God sou verheerlik en die verlossing van die mens sou bewerkstellig. *Koning van die Eeue* (1940), Bl. 250.4-251

Die Here het 'n uiters kosbare boodskap deur ouderlinge Waggoner en Jones gestuur. Die kosbare juwele van waarheid is in 'n valse raamwerk van die verbonde geplaas. Die kosbare lig van Adventisme is gebruik om dwaalleer te bevorder. Nou, na 120 jaar, dit is drie of vier Bybelse geslagte later, roep die Here weer Sy volk om die waarheid in die regte raamwerk te plaas. Laat die verbonde, soos Waggoner dit verkondig het, die wet en die evangelie in hulle regte raamwerk plaas, sodat ons die direkte, openhartige getuienis en die meer-as-oorvloedige genade, wat ons so broodnodig het, kan ontvang.

Een van die plekke waar hierdie donker bedelingsbril die seisoene van verkwikking van die Here geblokkeer het, is in Kolossense 2:16-18. Wanneer jy die verkeerde bril dra, sien jy die verkeerde ding, en jy skei die wet en die evangelie.

> Kolossense 2:16-17 Laat niemand julle dan oordeel in spys of in drank of met **betrekking** tot ‘n fees of nuwemaan of **sabbat** [G4521] nie, (17) wat ‘n skaduwee is van die toekomstige dinge; maar die liggaam behoort aan Christus.

Ek wil kortliks let op twee woorde in hierdie teks wat hierbo uitgelig is, die woord *betrekking* en die woord *Sabbat*.

Die woord Sabbaton [G4521] kom 68 keer in die Nuwe Testament voor. Op 59 plekke beteken dit Sewende-dag Sabbat. Op 8 plekke hou dit verband met die week wat aan 'n Sewende-dag Sabbat gekoppel is. Dus het 67 van die 68 verse 'n direkte verband met die Sewende-dag Sabbat.

Om navrae na Paulus se lys aan te wakker, let ons op die volgende met betrekking tot feeste, nuwemane en Sabbatte in die Ou Testament:

> 1 Kronieke 23:31 En vir al die offerwerk van die brandoffers aan die HERE op die sabbatte, op die nuwemane en op die feestye, in getal volgens die verordeninge daarvoor, gedurigdeur voor die aangesig van die HERE.

Hierdie volgorde kom ook voor in 2 Kron. 2:4; 2 Kron. 8:13; 31:3; Neh. 10:33; Eseg. 45:17; Hosea 2:10. In elk van hierdie gevalle beteken die Sabbat die Sewende-dag Sabbat. Esegiël 45:17 het presies dieselfde volgorde en kan selfs sinspeel op spys en drank.

> Eségiël 45:17 En op die vors rus die verpligting van die brandoffers en (1) **die spysoffer** en (2) **die drankoffer** op (3) **die feeste** en op (4) **die nuwemane** en op (5) **die sabbatte**, op al die feestye van die huis van Israel; hy moet die sondoffer en die spysoffer en die brandoffer en die dankoffers berei, om versoening te doen vir die huis van Israel.

In die LXX is die woord vir feeste [G1859], nuwemane [G3561] en Sabbatte {G4521] presies dieselfde as wat Paulus in Kol 2:16 aanhaal. As al hierdie gedeeltes in die Ou Testament hierdie volgorde gebruik om na die Sewende-dag Sabbat te verwys, hoekom sou Paulus hierdie lys dan op 'n heeltemal ander manier gebruik as die Skrifte wat hy gelees het? Waarom sou hy die woord *Sabbaton* gebruik om iets te beteken wat nooit elders in die Bybel gebruik word nie, tensy Paulus slegs na die Versoendag verwys, wat die woord ook in Lev.23:32 gebruik?

Indien Paulus eintlik die Sewende-dag Sabbat bedoel in Kol 2:16, dan sal die Sabbat in hierdie teks, soos vertaal, gelys word as 'n skaduwee van dinge wat kom. Inspirasie is egter duidelik omtrent die Sabbat:

> Die Sabbat is aan Adam, die stamvader en verteenwoordiger van die ganse mensdom, toevertrou. Deur dit te vier, sou almal wat op die aarde woon met dankbaarheid erken dat God hulle Skepper en regmatige Heerser is dat hulle Sy handewerk en die onderdane van Sy heerskappy is. Derhalwe is hierdie instelling geheel en al 'n gedenkteken wat aan die ganse mensdom gegee is. **Daarin was niks wat skaduweeagtig of uitsluitlik op enige volk van toepassing was nie**. *Patriarge en Profete* 18.3

Paulus verwys direk na die Sabbat in Kolossense 2:16. Soos die vers lees, sal dit as 'n skaduwee in vers 17 gemaak word. Dit is waar ons die woord *betrekking* moet verstaan in verband met die Sabbat.

Hierdie woord word in die King James Vertaling vertaal as “part”/streek (24x), “portion”/deel (3x), “Coast”/Kus (3x), “behalf”/namens (2x) “respect” / betrekking (2x) allerlei (9x). Hier is 'n paar voorbeelde in die Nuwe Testament:

> Matthéüs 2:22 Maar toe hy hoor dat Archeláüs oor Judéa koning was in die plek van sy vader Herodus, was hy bevrees om daarheen te gaan. En hy het 'n goddelike waarskuwing in 'n droom ontvang en na **die streke** [G3313] van Galiléa teruggekeer.

Lukas 15:12 En die jongste van hulle het vir sy vader gesê: Vader, gee my **die deel** [G3313] van die eiendom wat my toekom. En hy het die goed tussen hulle verdeel.

Lukas 24:42 Daarop gee hulle Hom **'n stuk** [G3313] gebraaide vis en 'n stuk heuningkoek.

In Matt 2:22 en Lukas 15:12 word die woord met die bepaalde lidwoord *die* vertaal, maar Lukas 24:42 gebruik dit nie. Die gebruik van die woord streek of deel vereis in Afrikaans dat ons die deel met of 'n bepaalde of onbepaalde lidwoord identifiseer. Die konteks van Paulus se gebruik sou 'n bepaalde lidwoord bevoordeel, maar enigeen van die twee kan werk. Laat ons hierdie kennis op die teks toepas.

Kolossense 2:16 Laat niemand julle dan oordeel in spys of in drank of [**die dele/die gedeelte/ 'n stuk**] van 'n fees of nuwemaan of sabbat nie.

Die gebruik van die woorde spys en drank gee die konteks vir die volgende woord *betrekking* [*met betrekking tot*], wat beteken hy praat van 'n sekere deel van die feeste, nuwemane en sabbatte.

Lees asseblief die boekie *Showing Respect for Colossians 2:16-17* op maranathamedia.com vir 'n noukeurige studie oor hierdie gedeelte nadat Augustinus se bril afgehaal is. Wanneer dit in konteks gelees word, moet die gedeelte soos volg lees:

Kolossense 2:16-17 Laat niemand julle dan oordeel in spys of in drank of met betrekking tot [die gedeelte van] 'n fees of nuwemaan of sabbat nie, (17) wat 'n skaduwee is van die toekomstige dinge; maar die liggaam behoort aan Christus.

Die proto-gnostici het Christene veroordeel, omdat hulle materiële voedsel en drank gebruik het in hul spesiale seisoene van aanbidding aan God. Dit was die gedeelte of deel van hulle byeenkomste wat beoordeel is. Die Sabbat is nooit 'n skaduwee nie, maar die teks verwys na die gedeeltes van hierdie byeenkomste wat 'n skaduwee was van die liggaam van Christus – wat deels

na die brood en wyn verwys wat in hulle dienste gebruik word, asook die voedsel wat tydens hulle feeste geëet is. Die Augustinus-opgeleide vertalers van die Engelse Bybel het hierdie gedeelte in die duister gelees en woorde ingevoeg om die betekenis heeltemal te verdraai. Dit is omdat Satan weet dat daar spesiale seisoene van die Gees vir God se volk is tydens die Sabbatte, nuwemane en feeste, en Satan wil nie hê dat ons die rus wat op hierdie tye aan ons gegee word, ingaan nie. Wanneer ons die bril van die ewige verbond opsit, dan is die seëninge wat op hierdie tye in die Ou Testament uitgestort word, steeds beskikbaar in die Nuwe Testament. Dit is hoekom ons vertel word:

> Jesaja 66:23 En elke maand **op die nuwemaan en elke week op die sabbat** sal alle vlees kom om te aanbid voor my aangesig, sê die HERE.

Dit is hoekom Satan besluit het om die heilige feeste en die wet te verander, sodat God se volk nie op daardie tye sou bymekaar kom nie. Nou kom ons by die kern van die saak.

> Handelinge 3:19 Kom dan tot inkeer en bekeer julle, sodat julle sondes uitgewis kan word en tye van verkwikking van die aangesig van die Here mag kom…

Bekering kom deurdat die Wet ons gewete binnedring en ons van sonde oortuig. Deur na Christus toe te kom, word ons bekeer deur Sy geregtigheid wat vryelik gegee word, en ons sondes word uitgewis, en ons word verseël in die vasgestelde tye van verkwikking wat vanuit die teenwoordigheid van die Here kom. Die woord *tye* is dieselfde woord wat in die Ou Testament vir seisoen of fees gebruik word. Satan weet indien hy kan keer dat mense die Sabbat in al sy volheid 'n bron van vreugde noem, dan kan hy die seisoene van verkwikking voorkom.

Wanneer die wet en die evangelie in twee bedelings opgedeel word, is elke dag 'n Sabbat in die Gees na die kruis, en voor die kruis is daar in elke dag wettisisme. Dit maak die sewende *dag* van die week irrelevant as 'n spesiale tyd van verkwikking. Dit is omdat genade heeltemal van die wet geskei is,

eerder as om die eweknie daarvan te wees. Wanneer die wet en die evangelie in die ware beeld van die verbonde saamgevoeg word, dan begin die Sabbat inderdaad 'n verlustiging word. Wanneer ons glo dat die beloftes van God aan Abraham ook die beloftes van God aan ons is, kan ons begin sien dat die wet van die Here die siel volkome verkwik, en dat die insettinge van die Here reg is, sodat die hart verbly word. Waarlik, wanneer Augustinus se verbondsbril afgehaal word en ons in die geregtigheid van Christus wandel, dan word die wet van die Here ons oordenking dag en nag en word ons bome langs lewende water. Vriende, kom in die lig, drink van die waters van die lewe, en wees vry van die valse verbondsraamwerk van Babilon. Sedert die 1888-boodskap gegee is, hou die verbonde die sleutel om die krag van genade deur die vierde engel in werking te plaas. Ons is wel in staat om op te trek en hierdie land in besit te neem.

> In die wedergeboorte word die hart, namate dit in ooreenstemming met Gods wet gebring word, ook in ooreenstemming met God gebring. Wanneer hierdie groot verandering in die sondaar plaasgevind het, het hy oorgegaan van die dood tot die lewe, van sonde tot heiligheid, van oortreding en rebellie tot gehoorsaamheid en getrouheid. Die ou lewe van vervreemding van God is beëindig; die nuwe lewe van versoening en geloof en liefde het begin. Die "reg van die wet" sal dan "vervul word in ons wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees." Dan sal die siel uitroep, "Hoe lief het ek U wet; dit is my bepeinsing die hele dag." Rom. 8:4; Ps. 119: 97. *Die Groot Stryd* (1981), Bl. 426.2.

# Haal Augustinus se Verbondsbril Af om die Laatreën te Ontvang

Tydens die geboorte van Adventisme, nadat die fondamente daarvan gelê is, het die hout en strooi van Augustinus se valse verbondsteologie deel gevorm van die materiaal wat gebruik is om op die fondament te lê. Deur hierdie valse bril te gebruik, het die Adventbeweging 'n muur rondom twee sleutel-Bybeltekste gebou wat in Galasiërs 3:19-24 en Kolossense 2:16,17 gevind word. Dit het verhoed dat die evangelie sy volle werk op die menslike siel doen.

Die Here het 'n uiters kosbare boodskap deur ouderlinge Jones en Waggoner gestuur om hierdie stoppels en hout, wat die voltooiing van die Adventiste-boodskap deur die krag van die Laat Reën geblokkeer het, te verbrand.

Deur die inspirasie van Satan het daar ‘n uitroep in desperaatheid opgegaan om die landmerke te behou en is die wet in Galasiërs verdedig volgens 'n siening van twee tydsbedelings van die verbonde. Alhoewel hierdie lering nie 'n landmerk was nie, het verskeie Adventiste-leiers hulself aan hierdie afgod verbind en was vasbeslote om daarmee graf toe te gaan.

Sal ons uit die hartverskeurende lesse van hierdie geskiedenis leer en die verbondsleutel, wat aan Waggoner gegee is, gebruik om die werk van die Adventistebeweging te voltooi? Dit is slegs 120 jaar sedert Christus bitter teleurgestel is omtrent die verwerping van hierdie uiters kosbare boodskap. Ons word nog 'n geleentheid gegee om die land binne te gaan met ‘n besoek van hierdie ongeregtigheid wat nou voltooi word tot in die derde en vierde geslag. Laat ons optrek en hierdie beloofde land in besit neem!